

DIE NOODLOTTIGE DATUM
deur MEIRING FOUCHÉ

Wat beteken daardie datum met die rooi kring daarom—16 April? En die stippel op 'n kaart van die Seekus van die Dood? Wat doen hierdie onvriendelike man in die verlate ou huis aan die rand van die woestyn?

Dit is maar 'n paar van die vrae wat hulle aan Fabel Retief opgedring het toe hy hierdie onherbergsame wêreld man alleen aangedurf het. Hy het gemeen om slegs 'n verlate ou huis wat al byna 'n legende geword het, te vind, en daarom was hy nie voorbereid op die verrassings wat daar vir hom gewag het nie—verrassings wat so byna-byna sy lewe gekos het.

# HOOFSTUK 1

DIE skaduwee van die lang skraal man val ver want dit is laat in die namiddag. Hy stap versigtig en oplettend die stil werf op. Af en toe gaan hy staan en kyk om hom heen.

Voor hom sien hy 'n fantastiese gesig. 'n Kolossale huis in hierdie verlate wêreld wat feitlik 'n woestyn is. Hierdie huis staan seker minstens honderd-en-vyftig myl van die naaste blanke beskawing. As dit nie nog veel meer as dit is nie.

Dit is 'n groot huis en volkome verlate. Dit lyk byna asof die een wat dit hier gebou het, van plan was om eintlik 'n kasteel te bou. Dit het 'n reuse-veranda met 'n reeks indrukwekkende pilare. Die stoepe is wyd. Dit is 'n dubbelverdieping-plek met swaar houthortjies voor die vensters. Dit het 'n paar outydse torinkies wat 'n mens herinner aan huise uit die laaste deel van die vorige eeu.

Maar wat die opvallendste is, is dat die huis volkome verlate is. Daar is nie die vaagste teken van lewe nie. Alles is blykbaar bot-toe. Net aan die een kant van die huis is daar twee vensters waarvan die hortjies oop is. Die lang man wonder hoe enigiemand so 'n paleis in hierdie deel van die wêreld kon bou. Hoe het die man sy materiaal hierheen vervoer gekry en wat was nou eintlik die bedoeling om so 'n huis hier op te rig?

Dit is om 'n mens te laat wonder, want hierdie vreemde huis met sy swaar hortjies en sy torinkies wat selfs indrukwekkend lyk in sy verlatenheid, staan in 'n godverlate wêreld in 'n afgeleë hoek van Suidwes-Afrika, nie ver van die Kunenerivier af nie. Dit is geleë in die hoek wat gevorm word deur die Kunene en die see. Ten noorde van hierdie plek loop die Kunene en ten weste daarvan lê die see. En

tussen hierdie plek en die see is daar die Seekus van die Dood.

Die lang kêrel weet nou self nie mooi wat hy hier kom maak nie. Miskien is dit nuuskierigheid, miskien is dit avontuur wat hom hierheen gedryf het. Hy het ver gery om hier te kom. En hier waar hy nou oor die verlate werf in die rigting van die voordeur stap, dink hy weer aan die praatjies om die kampvuur eergisteraand. Toe was alles so aangenaam en vrolik. Toe was hulle 'n hele aantal makkers bymekaar. Nou is dit net hy. Hy en sy skaduwee op die werf van die verlate huis.

Die voorhekkie hang skeef aan sy skarniere. Dit is blykbaar lankal in onbruik en tog was dit eens 'n netjiese voorhekkie tussen die twee indrukwekkende graniet-pilare. Een van die pilare staan nou heeltemal skeef. Op plekke lê die omheining om die huis reeds plat en op ander plekke dreig dit om om te val.

Die besoeker kom tot voor die stoep. Toe kyk hy aandagtig na die huis op. Hier en daar is die pleistering besig om af te val. Van die pilare onder die veranda het groot barste in. 'n Dik stoflaag lê op die stoep.

Hy ril daar waar hy staan. Hy is nou 'n bietjie spyt dat hy nie iemand saamgebring het nie. Hierdie is nie die soort avontuur wat 'n mens graag alleen deurmaak nie. Hy dink aan al die pratery nou die aand . . .

Hy is terug by die kampvuur. Hy sit daar in geselskap van ses boere van Suidwes. Aangename, vrolike en opwindende manne. Gedurende die dag het hulle suksesvol geskiet. Die biltong is uitgesny. Dit hang reeds onder die bome. En nou het hulle klaar geëet. Braaivleis, sterk swart koffie en botter en brood.

Eintlik is dit sy goeie vriend Gerhard Maree wat dit opgehaal het in verband met die ou huis. Maar hy, wat nou hier voor die huis staan, het die eintlike aanleiding daartoe verskaf.

„Wat is daar in hierdie geweste wat snaaks is?" het hy gevra. „Dit wil sê afgesien van die Etosha-pan. Is hier nie iets



wat ek kan gaan besigtig nie? Ek het myself ses weke vakansie veroorloof en ek wil graag interessante plekke besoek."

„Het jy al gehoor van die eensame huis?" vra Gerhard Maree toe.

„Nee," antwoord die lang besoeker uit die Republiek. „Waar is dié?"

En toe vertel Gerhard Maree hom die fantastiese verhaal van die verlate huis ver in die noordwestelike hoek van Suidwes. 'n Huis wat nog deur weinig mense gesien is. 'n Huis wat 'n soort legende geword het. En 'n huis wat blykbaar deur die inboorlinge gevrees word sodat hulle nie daar naby kom nie.

Die verhaal ontplooi van 'n ou Duitse prospekteerder wat hom jare gelede in daardie geweste gevestig het. Hy het blykbaar so suksesvol geprospekteer dat hy besluit het om 'n hele tyd daar deur te bring. Hy het gehou van eensaamheid, van afsondering en van die kontrei waar hy gewerk het. Hy het spesiale vergunning ontvang en met groot moeite en geduld die huis gebou. Daar word vertel dat die boumateriaal destyds nog met 'n ossewa daarheen vervoer is. Hy het die huis self gebou met die hulp van 'n paar handlangers en dit het hom byna twee jaar geneem voordat dit voltooi is.

En toe het die tragedie gekom. Eintlik, so word vertel, het die ou Duitse prospekteerder die pragtige plek vir sy vrou gebou wat nog altyd in Duitsland was, en toe dit alles klaar was, het sy geweier om daar te kom woon.

Die inboorlinge vertel dat die ou man daar gesterf het. Sonder kind of kraai, sonder 'n siel by hom. Hulle het hom maar later in een van die vertrekke van die ou huis dood aangetref. Altans, hulle het sy skelet daar gekry. Daar is gerugte dat hy vermoor is. Daar is ander gerugte dat hy homself om die lewe gebring het. Maar hoe dit ook al sy, die ou Duitse prospekteerder het sy huis nooit weer verlaat nie.

„En nou," vra Fabel Retief daar by die kampvuur, want

dit is die naam van die lang skraal man wat nou hier op die werf staan.

Op dié oomblik het sy vriend, Gerhard Maree, 'n bietjie geheimsinnig na hom gekyk.

„Wel," sê Gerhard Maree, „ek sal jou sê wat hulle nou sê—hulle beweer dat die plek weer bewoon word."

„Bewoon?" vra Fabel. „En deur wie nogal?"

„Niemand skyn te weet nie," het Gerhard geantwoord. „Daar word vertel dat daar wel mense in die huis is, maar niemand skyn te weet wie hulle is of wat hulle doen nie."

„Dit klink interessant," het Fabel gesê. „Ek het lus en gaan kyk."

„My liewe man," sê een van die boere, „weet jy waar die plek is? Dit is byna teen die Kunene en byna teen die see. Dit is nie 'n hanetreetjie hiervandaan nie. Dit is 'n wilde, woeste wêreld. Onbewoon, veeleisend, waterloos."

„'n Wêreld so na my hart," sê Fabel en kyk na Gerhard Maree wat in die jare wat verby is, saam met hom in die Suid-Afrikaanse Speurdiens gedien het. Nou is Gerhard Maree 'n suksesvolle beesboer hier in die noordweste van Suidwes-Afrika. En hy wat Fabel is is 'n afgetrede speurder wat hom op tropiese vrugte toelê in Oos-Transvaal. Hy het so verlang na Gerhard dat hy vir hom moes kom kuier. Daarby wou hy 'n bietjie kom wild skiet, en so het dit gekom dat die twee en 'n paar ander boere die aand om die kampvuur byeen was. So het dit gekom dat Gerhard Maree en die ander hom vertel het van die verlate huis duskant die Kunene.

Fabel Retief het Gerhard Maree gevra om hom te vergesel. Maar vir Gerhard was dit ongelukkig onmoontlik. Daarom het hy besluit om alleen te kom. Hy het hom deeglik toegerus met kos, water, ammunisie en brandstof. Hy het sy groot jeep byna oorlaai vir hierdie tog.

Na die beste van sy vermoë het Gerhard Maree vir Fabel beduie waar die plek geleë is. En hulle het 'n deeglike landkaart van die roete opgestel.

„Is jy seker jy wil gaan, ou vriend?" het Gerhard nog gevra voordat hy vertrek het. „Jy weet dit is 'n gevaarlike wêreld. As jy dit nie ken nie, kan jy maklik in die moeilikheid raak."

„Ja, ek wil gaan," het Fabel geantwoord, want een van Fabel se sterkste eienskappe is dat hy hou van die onbekende, van die avontuurlike, van die vreemde, van die geheimsinnige. En hy weet hoe om hom te gedra wanneer hy 'n vreemde en geheimsinnige streek binnegaan. Hy kan sy pad vind volgens die sterre. Hy kan homself verweer as dit nodig is. En hierdie verhaal van die vreemde huis pas so reg in sy kraam.

Fabel Retief loop die stoep stadig op. Hy kyk af na die stoflaag, maar hy gewaar daar geen spore nie. Hy draai om en luister. Hy hoor geen geluid nie. Toe kyk hy oor die omgewing weg. Dit is 'n mooi wêreld vir dié wat daarvoor 'n oog het. Rollende vlaktes met wit gras; hier en daar 'n diep duik. Die gelykheid van die terrein word verbreek deur koppiesveld, en verderaan vreemde berge wat purper is in die laat lig.

Maar meer as die skoonheid is die algehele verlatenheid. Hier waar hy staan, voel dit vir hom asof hy finaal afgesluit is van die res van die wêreld. Selfs nie eens die rook van 'n inboorlingvuur is sigbaar nie. Alles swyg. Alles het versteen in stilte. Die enigste vae beweging wat daar is, is die skaars waarneembare beroering in die toppe van die gras, want 'n ligte wind het opgestaan. Hy kyk in die lug op om te sien of hy nie 'n voël sien draai nie. Maar selfs dít neem hy nie waar nie. Ook die lug is stil en verlate.

Sonder dat hy verwag om 'n antwoord te kry, stap hy na die voordeur en klop daarop. Dit is 'n massiewe voordeur van soliede hout, maar ook dááraan kleef die tekens van verwaarlosing. Die groot koperknop is blou aangeslaan. Die swaar deurklopper is eweneens aangeslaan omdat geen hand dit seker in jare skoongemaak het nie.

Snaaks, toe hy voor die voordeur wag in die hoop dat iemand sal kom oopmaak, wonder hy waar die beendere van die Duitse prospekteerder lê. Sou hulle dit verwyder het uit

die huis of sou dit nog hier wees? En was die man werklik 'n prospekteerder? So kom die vrae deur sy kop, want hy is 'n oud-speurder en vir alles soek hy 'n oplossing. Agter alles sien hy 'n dieper betekenis.

Maar na sy eerste klop op die deur wag hy tevergeefs. Hy hoor geen voetstappe nie en niemand kom om oop te maak nie. Nog 'n slag klop hy. Hierdie keer harder. Hy wonder of daar enige waarheid in die gerug is dat die huis nou weer bewoon word. Maar Retief is 'n geharde man en hier waar hy staan, fladder dit in sy ingewande van opgewondenheid. As die huis bewoon word, deur wie?

Toe daar op sy tweede klop geen antwoord is nie, draai Fabel aan die knop en tot sy verbasing gaan die deur oop. Dit knars op die swaar skarniere. Dit is 'n hoë, fyn geluid wat 'n mens seker ver kan hoor.

Toe hy kom weer kry, staan hy in 'n donker portaal. Daar is 'n kapstok, en aan die kapstok hang 'n outydse wandelstok. Eenkant teen die muur is 'n outydse portret, blykbaar van 'n outydse militêre leier. Die man het 'n streng gesig, byna wreed.

Hy stap uit die portaal 'n kolossale vertrek binne, en gaan dan verbaas staan. Die vertrek is ten volle gemeubileer. Vol outydse meubels. Die meeste van hulle is onder wit stofbedekkings. Hy kan sien wat hier aangaan, want een van die hortjies van hierdie vertrek is ook oop. Die laat namiddag-lig kom dof die groot ruimte binne. Fabel Retief kyk alles haarfyn deur. Daar lê 'n duur mat op die vloer en in die middel daarvan staan 'n pragtige outydse ronde tafel. Teen hierdie mure is ook skilderye. Skilderye van Duitse natuurtonele. Portrette van haas vergete militêre leiers. En bo die kaggelrak die skildery van 'n pragtige vrou. Hy stap daarheen oor en kyk op in haar glimlaggende gesig. Sy was op haar dag seker 'n skoonheid van die eerste water. Onder in die een hoek van die skildery staan iets geskryf maar hy kan dit nie uitmaak nie. En toe tref dit hom dat dit seker die vrou van die prospekteerder is wat geweier het om hier by hom te kom woon in die kluisenaarswêreld.



Nadat hy alles deurgekyk het, maak Fabel Retief 'n paar aantekeninge in sy boekie. Die vernaamste daarvan is dat hierdie plek skynbaar wel bewoon word, maar waar is die mense.

Uit die woonvertrek loop 'n trap na bo. Hy gaan staan aan die voet daarvan en toe roep hy : „Hallo! Is daar enigiemand hier? Hallo, Hallo, is daar iemand hier?"

Sy stem weerklink deur die stil vertrek maar daar kom geen antwoord nie. Hy luister aandagtig met sy kop skeef.

Het hy hom dit verbeel, of het hy 'n deur hoor oopgaan? Is dit blote verbeelding of word hy deur iemand iewers vandaan aangestaar? Waarom dwing sy nekhare om regop te staan?

Hy bly baie stil staan en hy word bewus van die bedompige muwwe atmosfeer in die groot vertrek. Alles is so neerdrukkend outyds, so verlate, so geheimenisvol.

Meteens ruk sy kop. Het hy daardie deur nou weer hoor toegaan?

Fabel Retief het hom al in baie vreemde situasies bevind, maar nog nooit, sover hy kan onthou, het hy hierdie eienaardige gevoel gehad nie. 'n Gevoel dat hy te doen het met iets bonatuurliks, iets wat skuil en dreig. Wat sou die rede daarvoor wees?

Hy staan 'n hele ruk botstil, gespanne, op sy hoede, luisterend. Maar geen verdere geluid hoor hy nie. Nie die kraak van 'n vloerplank of die skreeu van 'n skarnier nie. Alles is versteen en stil.

Hy merk op dat dit sononder is en dat dit begin skemer word. Die lyne van die meubels word dowwer en die gesigte op die portrette vervaag.

Fabel Retief se volgende stap is bloot 'n impuls. Hy weet self nie waarom hy dit doen nie. Hier links van die trap is 'n deur. Hy stap daarheen en draai dit oop. Hy versteen op die drumpel. Wat 'n eienaardige vertrek! Dit lyk soos 'n laboratorium. Hy stap binne en druk die deur agter hom toe. Hy doen dit stil en geluidloos soos 'n indringer dit behoort te doen.

Ook hier is dinge sigbaar omdat 'n vensterhortjie aan die weste van die huis oop is.

Fabel Retief vergaap hom aan die toneel voor hom. Daar is 'n paar stukke meubels maar dit is nie dit wat sy aandag trek nie. Daar is 'n reusagtige lessenaar met 'n draaistoel daarby. En teen die mure is rakke. Daar staan talle flesse met slange, skerpioene, koggelmanders en allerhande grieselige goed op versterkwater. Daar is opgestopte valke. Daar is voëls en allerhande ander dinge. Daar is 'n versameling skoenlappers. 'n Versameling van die kleiner soorte voëls. Almal met etikette by hulle. Hy stap oor na die lessenaar toe en toe buk hy vinnig. Op die lessenaar lê 'n sterk vergrootglas. Eenkant lê 'n paar skoenlappers. Daar lê 'n groot aantekeningboek. Maar wat eintlik sy aandag gevange hou, is die feit dat daar onder 'n glasblad 'n landkaart ingeskuif is. 'n Groot, duidelik getekende landkaart met al die besonderhede deeglik en helder daarop aangebring.

Fabel Retief staar 'n hele ruk daarna en hy probeer die betekenis daarvan snap. Dit is 'n landkaart van hierdie streek. Eenkant loop die Kunenerivier. Eenkant is die see aangemerk, en ten ooste van die see, die Seekus van die Dood. Verder land in is daar 'n duidelike ronde stippel met 'n kring daarom. As hy moet oordeel dan is dit die ligging van hierdie huis.

Maar wat hom die meeste interesseer, is die duidelike swart stippel 'n entjie in die see in. Daar is 'n rooi kring om getrek, maar daar is niks by geskryf nie. Bloot 'n stippel met 'n rooi kring daarom.

Fabel Retief kyk lank daarna en 'n klomp gedagtes flits deur sy brein. Hy probeer aflei wat dit kan beteken, maar daartoe is hy nie in staat nie. Dit kan 'n duisend dinge beteken. Dit kan miskien die wrak van 'n skip aandui of 'n plek waar iemand miskien verdrink het. Of 'n bepaalde rotsformasie onder die see waar merkwaardige vis miskien te sien is.

Wat hom opval, is dat daar op die kaart sekere afstande



aangedui staan. Die afstand tussen hierdie huis en die Kunene. Die afstand tussen die huis en die kus.

Hoe meer hy na die kaart kyk, hoe groter word die raaisel vir hom. Hy kyk aandagtig na waar die vergrootglas lê. Blykbaar was iemand laas besig om hierdie landkaart sowel as die atlas wat eenkant ooplê, met 'n vergrootglas te ondersoek.

Fabel besluit om ook 'n bietjie te kyk na die aantekeningboek wat daar lê. Daar is geen naam of aanduiding op nie. Hy slaan dit oop en begin daarna kyk. Dit is in Duits geskryf. Hy ken Duits 'n bietjie.

En Fabel het nog skaars twee minute gelees, toe is sy belangstelling behoorlik vasgegryp. Hierdie is nie 'n aantekeningboek oor reptiele en voëls en vlinders en wat dies meer nie. Hierdie is deeglike opsommings van sekere skeepsdokumente. Opsommings in die pynlikste besonderhede. En hierdie dokumente is blykbaar die eiendom van die Britse Admiraliteit en van die Duitse Vlootministerie.

Daar is nie nou tyd om dit alles te lees nie. Daarom kyk Fabel vlugtig deur die aantekeninge. Hulle beslaan byna 'n hele boek. Wat op aarde sou dit beduie? Wat gaan hier aan?

Hy het net die boek toegemaak om die vertrek verder te ondersoek toe hy hoor dat die deur agter hom oopgaan. Hy swaai vinnig om en soos 'n skuldige seun wat betrap is dat hy vrugte steel, kyk hy na die man wat daar verskyn het.

Dit is 'n treffende man wat op die drumpel staan. Hy is blond met 'n skerp, intelligente gesig. Hy het 'n bokbaard wat net effens vergrys. Sy oë is kilblou en deurdringend. Op hierdie oomblik is hulle beskuldigend op Fabel gerig. So straf dat Fabel daarvan ongemaklik voel.

Die man is skraal en lenig en Fabel skat sy ouderdom op omtrent ses-en-veertig. Toe die man praat, is sy stem skerp, bevelend, kortgekap en vol gesag.